

Emosionele genesing!

Donderdag 24 Februarie 2022

Bron: Veldhuizen, M. 14 September 2021 <https://welstand.solidariteit.co.za/hoe-bemoedig-mens-iemand-wat-emosioneel-swaarkry/>

Rom 8:26

“Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.”

Een of ander tyd gaan ons emosionele swaarkry ervaar. Hierdie swaarkry kan weens verskeie redes wees. Dit kan wees weens die dood van ‘n geliefde, weens ‘n ernstige siekte miskien selfs kanker nog in ‘n vroeë stadium of baie gevorderd, dit kan wees weens die verlies van ‘n ledemaat, dit kan wees weens ‘n liefdes-teleurstelling, egskeiding of watter rede ookal. Die gevolg is dat mense geweldig getraumatiseer is en dat daar gesmag word na vertroosting.

Alle mense word nie op dieselfde manier vertroos nie.

- Sommige mense wil glad nie eers hê dat ander met hulle moet simpatiseer nie.
- Sommige wil glad nie besoek word nie.
- Sommige wil wel besoek en vertroos word.
- Christene moet egter in mekaar se lief en leed deel. **1 Kor 12:26** “As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.”

Maar hoe kan of moet ek dit doen?

Eerstens moet ons natuurlik bid vir ‘n fyn aanvoeling om elke mens na sy omstandighede te vertroos. ‘n Christen kan egter nie anders as om in die geloof, met die Woord onder leiding van die Heilige Gees op te tree nie.

Daarom...

- Bid eerstens op jou eie of saam met iemand en dra die persoon wat swaarkry aan God op.
- Tweedens bid vir leiding van die Heilige Gees hoe om op te tree.
- Derdens, maak ‘n afspraak met die persoon.
 - Baie mense wil nie graag besoek word nie, maar tog as jy hulle besoek het, is daar groot dankbaarheid.
 - Die belangrikste is meestal, om te gaan **LUISTER!** Dikwels wil mense net oor hulle hartseer praat, dit in hulle eie gedagtes orden of dit as ‘n ware uit hulle sisteem kry, dan moet jy luister, jy hoef dikwels nie eers iets te sê nie.
 - Moet nie altyd wil raad gee nie.
 - Moet nie met ligte trooswoordjies, geykte frases wat jy nie bedoel nie probeer vertroos nie.
 - Wees opreg, Luister en indien nodig praat.
 - Wees gevoelig vir tyd en moet nie onnodig lank kuier of praat nie.

Die belangrikste is om te bid vir iemand wat emosioneel swaarkry. Dit is nie vir almal altyd maklik om te bid nie. Maar vertrou God om jou ook te help. Daarom hou Rom 8:26 nie in gedagte nie, maar bid vir daardie woorde en wysheid.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com